NUUSBULLETIN

DESEMBER 2022

DIE JAAR WAT WAS.

Ons het die jaar begin met Covid-19 beperkings nog in plek, nie seker of ons lede nog lus voel vir U3A Stilbaai na die moeilike jare. Maar die jaar het bewys dat selfs 'n wêreldwye pandemie Stilbaaiers nie onder kan kry nie, en U3A Stilbaai het net sterker daaruit gekom.

Ons sluit die jaar af met meer as 320 ingeskrewe lede, en die komitee wil alle lede hartlik bedank vir jul volgehoue ondersteuning en bydraes tot ons aktiwiteite gedurende die jaar.

Die bestuurskomitee wens u almal 'n rustige en vreedsame Kersseisoen toe en mag 2023 vir almal 'n jaar van voorspoed en goeie gesondheid wees.

NEWS BULLETIN

DECEMBER 2022

THE YEAR THAT WAS.

We began the year with Covid-19 restrictions still in place, not sure whether our members still feel a need for U3A Stilbaai after the difficult years. But the year proved that even a world-wide pandemic cannot get the better of Stilbaaiers, and U3A Stilbaai only emerged stronger.

We close the year with more than 320 paid-up members, and the committee is grateful to all members for your continued support and contributions to our activities during the year.

The management committee wish you all a restful and peaceful holiday season and may 2023 be a year of prosperity and good health for all.

KENNISGEWING: ALGEMENE JAARVERGADERING

Kennis word hiermee gegee van die Algemene Jaarvergdering van U3A Stilbaai:

Datum: Maandag, 30 Januarie 2023
Tyd: 10h00
Plek: Die Waenhuis, Jagersbosch

Die vergadering sal so kort as moontlik gehou word; dokumente en verslae sal in Januarie aan lede gestuur word, ons versoek u om dit voor die vergadering te bestudeer sodat ons nie alles op die vergadering hoef te lees nie. Die Januarie praatjie sal net na die AJV aangebied word.

Help! Ons doen 'n beroep op lede om hulself beskikbaar te stel om op die komitee te dien; sommige van die huidige komitee is nie weer beskikbaar nie. Ons benodig veral 'n sekretaris/sekretaresse vir die komitee. Kontak enige van die huidige bestuur as julle belangstel, of stuur 'n e-pos na info@u3astilbaai.org.

NOTICE: ANNUAL GENERAL MEETING

Notice is hereby given of the Annual General Meeting of U3A Stilbaai:

Date: Monday, 30 January 2023
Time: 10h00
Venue: Die Waenhuis, Jagersbosch

The meeting will be kept as short as possible; documents and reports will be sent to members in January, you are requested to study these before the meeting so that we do not have to read everything at the meeting. The January talk will be presented immediately after the AGM.

Help! We appeal to members to make themselves available to serve on the committee; some of our current committee will not be available for re-election. In particular we need a secretary for the committee. Contact any of the current committee if you are interested, or send an email to info@u3astilbaai.org.

MAANDELIKSE VERGADERING

Daar is nie 'n maandelikse vergadering in Desember nie.

Maandag 30 Januarie 2023 @ 10h00
Die Waenhuis, Jagersbosch

WYSIES WAT ONS ONTHOU
Die waarde van musiek vir mense met Alzheimer's

Nina du Toit

Dr Nina du Toit is 'n opvoedkundige met 'n Doktorsgraad in Opvoedkunde en 'n Meestersgraad in musiek-terapie. Sy spesialiseer in mense met gestremdhede en het jare ondervinding in dié rigting op skool- en universiteitsvlak. Sy praat oor die waarde van musiekterapie en die kragtige rol van musiek as dit korrek en professioneel toegepas word.

MONTHLY MEETING

There is no monthly meeting in December.

Monday 30 January 2023 @ 10h00
Die Waenhuis, Jagersbosch

TUNES WE REMEMBER
The value of music for persons with Alzheimer's

Nina du Toit

Dr Nina du Toit is an educationalist with a Doctorate in Education and a Masters degree in music therapy. She specialises in persons with disabilities and have years experience in this field at school and university level. She talks about the value of music therapy and music as a powerful therapy tool if applied correctly and professionally.

LEDEGELDE EN NAAMKAARTJIES 2023

Ledegelde vir 2023 bly steeds R30 per persoon vir die jaar. U kan u 2023 ledegelde vanaf Januarie betaal; betaling kan per EFT in ons bankrekening gemaak word [ABSA; U3A Stilbaai; Rek Nr 9321 782 429; Spaar-rekening]. Gee asseblief u naam as die Ontvanger se verwysing, maar stuur ons ook 'n e-pos om betaling te bevestig en om seker te maak dat ons dit aanteken – info@u3astilbaai.org.

U nuwe 2023 naamkaartjie sal uitgereik word nadat u betaal het, die naamkaartjie is op 'n geel kaart.

MEMBERSHIP FEES AND NAME TAGS 2023

Membership Fees for 2023 will remain at R30 per person for the year. You can pay your 2023 membership fee from January onwards; payment can be made by EFT into our bank account [ABSA: U3A Stilbaai; Acc No 9321 782 429; Savings Acc]. Please give your name as the Recipient's reference, but also send us an email to confirm payment and to make sure that we record it – info@u3astilbaai.org.

Your new 2023 name tag will be issued after you have paid, the name tag is on a yellow card.

U3A STILBAAI: KENNISGEWINGS EN AANKONDIGINGS

Binne 2 jaar na ons stigting in 2015 het U3A Stilbaai een van die grootste ledetalle van alle organisasies in Stilbaai gehad, met 'n databasis van e-posse wat ander organisasies beny het. As gevolg is ons oorval met versoeke om namens ander kennisgewings aan ons lede uit te stuur, en ook aankondigings by ons maandelikse vergaderings te maak.

Baie lede het beswaar gemaak omdat hulle oorval word met e-posse, die komitee het toe besluit dat ons nie enige kennisgewings of aankondigings vir ander organisasies sal maak nie. Al uitsondering wat ons sal oorweeg is dat ons in uitsonderlike gevalle 'n aankondiging vir Jagersbosch funksies by ons

U3A STILBAAI: NOTICES AND ANNOUNCEMENTS

Within 2 years after the establishment of U3A Stilbaai in 2015 we had one of the largest memberships of organisations in Stilbaai, with a database of emails that other organisations envied. The result was that we were inundated with requests to send notices on behalf of other organisations to our members, and also to make announcements at our monthly meetings.

Many members objected to being inundated with emails, the committee then decided that we will not send notices or make announcements for other organisations. The only exception we will consider is to make an announcement at our meetings about Jagersbosch functons in exceptional cases only, and

vergaderings sal maak, en dit alleen vanweë ons spesiale verhouding met Jagersbosch.

Ons wil u graag van die volgende verseker:

1. U3A Stilbaai stuur slegs e-posse uit oor U3A sake, in die Onderwerp lyn van al ons e-posse begin ons die onderwerp met "U3A Stilbaai : ...". U sal dus nie e-posse van ons kry oor sake wat nie verband hou met U3A nie.

2. U3A Stilbaai is onderhewe aan die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 (POPI Wet), wat van 1 Julie 2021 van krag is en mense se persoonlike inligting beskerm. Dit beteken dat ons nie u e-pos adres of kontaknommer sonder u goedkeuring aan enige ander organisasie of persoon mag verskaf nie; behalwe as ons dalk 'n persoonlike versoek vir iemand se kontak details ontvang, en dan mag die komitee die versoek goedkeur indien 'n goeie rede verskaf word.

3. Ten einde te voldoen aan die POPI Wet, stuur ons massa e-posse uit as blinde kopieë, met ander woorde u e-pos adres verskyn nie op 'n e-pos wat ander mense ook kry nie.

this only because of our special relationship with Jagersbosch.

We want to assure you of the following:

1. U3A Stilbaai will only send you emails about U3A business, in the Subject line we begin the subject with "U3A Stilbaai : …". You will thus not receive emails from us about issues not related to U3A.

2. U3A Stilbaai is subject to the provisions of the Protection of Personal Information Act, Act 4 of 2013 (POPI Act), which came into effect on 1 July 2021 and protects people's personal information. This means that we may not provide your email address or contact number to any other organisation or person without your permission; except if we receive a personal request for somebody's contact details, then the committee may approve such a request if provided with a good reason.

3. To comply with the POPI Act, all mass emails are sent out as blind copies, in other words your email address will not appear on an email also received by other people.

U3A STILBAAI GROEPE

U3A Stilbaai het verskeie groepe wat aktiwiteite vir lede aanbied. Meer inligting oor die groep aktiwiteite is op ons webtuiste: www.u3astilbaai.org.

Meeste van die groepe neem nou 'n blaaskans en aktiwiteite sal eers weer in Januarie hervat.

- **Aandele Groep**: Die aandele groep hou gereeld samesprekings waar idees oor die aandelemark uitgeruil word. Kontak Deon Grobler by deonenelaine@gmail.com indien u wil aansluit.

- **Astronomie groep**: As u by die groep wil aansluit, kontak Deon by begemannd@gmail.com. Lees meer oor die groep op www.u3astilbaai.org /astronomy.

- **Botaniese Uitstappies**: Hierdie nuwe groep bestudeer interessante inheemse plante op uitstappies in die veld. Kontak vir Christina by stilbaai6674@gmail.com as u belangstel.

- **Fotografie Groep**: Enige lid wat belangstel om by die groep aan te sluit kan Richard by rwebb01@gmail.com kontak. Meer inligting op www.u3astilbaai.org/photography.

- **Neurowetenskap Groep**: Kontak Jenni by jennisharkey@gmail.com indien u by die groep en/of

U3A STILBAAI GROUPS

U3A Stilbaai has several groups offering activities to members. More information about the group activities are on our website: www.u3astilbaai.org.

Most groups are taking a breather and activities will only be resumed in January.

- **Astronomy Group**: If you are interested in joining the group, contact Deon at begemannd@gmail.com Read about the group on www.u3astilbaai.org /astronomy.

- **Bird Group:** The Bird Group involves people interested in bird-watching, as well as co-ordinating the SABAP2 project in Hessequa. Contact Krysia at krysiastenvert@gmail.com if you are interested in joining the group. More information is available on www.u3astilbaai.org/birdgroup.

- B**otanical Walks**: This new group studies interesting indigenous plants during walks in the veld. Please contact Christina at stilbaai6674@gmail.com if you are interested.

- **Hiking Group**: The group normally hikes on Friday mornings. If you want to join the group, contact Karl-Heinz at karl-heinz@wispernet.co.za. Information about the group is on www.u3astilbaai.org/hiking.

die Zoom praatjies wil aansluit. Lees oor die groep op www.u3astilbaai.org/neuroscience.

- **Stapgroep**: Die groep stap normaalweg op Vrydag oggende. As u by die groep wil aansluit, kontak Karl-Heinz by karl-heinz@wispernet.co.za. Inligting oor die groep is op www.u3astilbaai.org/hiking.
- **Voëlgroep**: Die Voëlgroep betrek mense wat belangstel in voëlkyk, en koördineer ook die SABAP2 projek in Hessequa. Kontak Krysia by krysiastenvert@gmail.com indien u belangstel om by die groep aan te sluit. Meer inligting is op www.u3astilbaai.org/birdgroup.
- **Neuroscience Group**: Please contact Jenni at jennisharkey@gmail.com if you are interested joining the group and/or the Zoom talks. Read more on www.u3astilbaai.org/neuroscience.
- **Photography Group**: Any member interested in joining the group can contact Richard at rwebb01@gmail.com. More information on www.u3astilbaai.org/photography.
- **Shares Group**: The share group holds regular discussions sharing ideas on the share market. Contact Deon Grobler at deonenelaine@gmail.com.

2023 MAANDELIKSE PRAATJIES

In Januarie het ons 'n baie interessante praatjie (sien hierbo) en ons het ook reeds sprekers vir Februarie, Maart en April. Ons sal vroeg volgende jaar meer inligting verskaf, maar net om julle aptyte op te wek, die praatjies sal handel oor die wonderwêreld van lasers, toepassingsvelde in die filosofie, en wyn!

'n Lys van maandelikse praatjies verskyn ook op ons webtuiste, www.u3astilbaai.org, met kort opsommings. Onlangse praatjies is ook as 'n video beskikbaar.

E-pos ons asseblief as u, of iemand waarvan u weet, vir ons 'n interessante praatjie kan gee. As 'n spreker hulp nodig het met die opstel van 'n PowerPoint voorlegging, sal ons sulke hulp verskaf.

2023 MONTHLY TALKS

In January we have a very interesting talk (see above) and we already have speakers for February, March and April. We will give you more details early next year, but, just to wet your appetites, the talks will be about the wonderful world of lasers, applications in philosophy, and wine!

A list of monthly talks with brief summaries are on our website, www.u3astilbaai.org. Recent talks can also be viewed as a video.

Please email us if you, or anybody you know of, can give as an interesting talk. If a speaker needs help to prepare a PowerPoint presentation, we will provide such assistance.

©2022. U3A Stilbaai. www.u3astilbaai.org; info@u3astilbaai.org.